# GEMEENTEBULLETIN

**9 APRIL 2021**

## EREDIENSTE – AANLYN EN IN DIE KERK

Eredienste in die kerk en kapel het hervat. 250 persone word per erediens in die kerkgebou toegelaat en 20 persone in die kapel. **Geen besprekings is nodig nie.** Eredienste word ook almal aanlyn uitgesaai. Besoek www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal om na die eredienste te kyk.

**Sondag 11 April 2021**

Oggenddiens in die kerk en aanlyn 08:30 | Ds. Why Duvenhage

Meditatiewe diens in die kapel 09:00 en aanlyn 12:00 | Ds. Dietmann

Familiediens in die kerk en aanlyn 09:30 | Ds. René Potgieter

Jeugdiens in die kerk en aanlyn 18:00 | Ds. Hanno Ackerman

## SEKURITEIT: DIENSBEURTE

Die sekuriteitspan wat die motors tydens eredienste bewaak, se dienste hervat op Sondag 11 April. Indien jy bereid is om 'n diensbeurt by die oggend- of familiediens waar te neem, kontak asseblief vir Lindy by 021 976 4519/lindy@stellenberg.co.za, of stuur 'n WhatsApp of Telegramboodskap na 081 045 2428.

## BYDRAES VIR DIE KOSPROJEK

Gee asseblief bydraes vir die kosprojek voor Dinsdag 20 April by die kerkkantoor af, of laat bydraes in die voorportaal van die kerk. Enige bydraes van niebederfbare kos sal waardeer word. Kontantbydraes is ook welkom en kan oorbetaal word na: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 081 045 2428.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram na dié nommer gestuur word.

## KOMMUNIKASIE MET KATEGESE-OUERS

Ons wil graag weekliks die skakel na kategese-lesmateriaal, asook relevante inligting i.v.m. kategese en die familiediens, aan ouers van laerskoolleerders stuur. Laat weet asb. vir ons of jy die inligting per e-pos, of WhatsApp, of Telegram wil ontvang. Stuur jou naam + van + e-posadres na sanel@stellenberg.co.za, of 'n WhatsApp of Telegram-boodskap na 081 045 2428, of gebruik die skakel om by die WhatsApp-groep aan te sluit: https://chat.whatsapp.com/BPccy52L8C49gQmfQWzyYr

## ANNIBRAND (KATEGESE)

**Annibrand Junior (Graad 1 tot 7)**

Kategese is volstoom aan die gang en ons begin hierdie Sondag met 'n *Amazing Race* waarby ons graad 1's tot 7's betrek word. Graad 1-3 ontmoet in die kleinsaal en graad 4-7 in die grootsaal.

Diegene wat verkies om aanlyn in te skakel, is welkom om via die Zoom-skakel by die gesprek aan te sluit. Ons vra om verskoning vir probleme wat met die skakel ervaar is, maar vertrou dat die nuwe skakel beter sal werk. https://zoom.us/j/91319029093

**Annibrand Senior:** Kategese word na die Relevantdiens in die onderskeie lokale aangebied en kan ook aanlyn gevolg word.

## DOOP: SONDAG 11 APRIL

Divan en Lilian Lerm laat doop vir Ivan Eugene Lerm.

## BREIGROEP

Die breigroep ontmoet eers weer op Maandag 3 Mei om 09:30 in die markplein. Kontak gerus vir Ria McMicken by 021 948 5456/083 519 0602 met enige navrae.

## EREDIENSWERKERS

Ons het 'n dringende tekort aan eredienswerkers wat by die familiediens behulpsaam kan wees. Gesinne wat gereeld dié erediens bywoon en bereid is om op 'n roterende basis diens te doen, kan vir Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 kontak, of stuur 'n WhatsApp of Telegramboodskap na 081 045 2428.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## GELOOFSOFFERS

Ons medewerkers in die sendingveld word ook deur die Covid-19-pandemie geraak. Kerke se bydraes en ondersteuning aan sendelinge het skerp gedaal, of is in sekere gevalle heeltemal gestaak. Ons doen 'n beroep op lidmate om deur middel van geloofsoffers ons medewerkers te ondersteun. Ons ondersteun maandeliks tans die volgende medewekers:

Christo Wooding - Kokstad

Gerhard Weich - YWAM, Muizenberg

Jurie Goosen - Internasionale studente

Christina Khasa - VGK Lusikisiki

Marina Prins - Member Care

Gerhard en Mignon Duvenhage - JAM (Jabulani Africa Missions)

Johan Bloemhof - Child Evangelism Fellowship, Frankryk

Shiloh, Wallacedene

## SPEKBOME

Die Kweek vir die Here-span het heelwat spekbome om te verkoop teen R25 elk. Kontak gerus vir Corrie Denton by 083 288 5048 indien jy van die boompies wil koop.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word daagliks leeggemaak.

### SnapScan

### EDELWEISS

Geen Bybelstudie op 15 April 2021.

### WOLSKENKINGS

Ons breigroeplede is volstoom besig om serpe, musse en truitjies vir minderbevoorregte kinders te brei. Hulle waardeer enige skenking van bruikbare wol (selfs stukkies afvalwol), of kontantbydraes. Die lekker warm klere sal tydens die uitreike in Leeu-Gamka en Calitzdorp versprei word. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af.

### VROUEBYBEL-STUDIEGROEP

Ons nooi alle vroue na die Vrouebybel-studiegroep op Maandae om 10:00 in die kleinsaal. Sluit by ons aan soos dit jou pas.

## FEESMARK 2021

Ons beoog om die feesmark vanaf DV Maandag 18 Oktober tot Saterdag 6 November aan te bied. Die mark het dus vanjaar twee ekstra inkopiedae.

Voornemende uitstallers kan aansoekvorms op www.stellenberg.co.za aflaai. Voltooi dit asseblief elektronies deur jou gegewens op die vorm te tik. Handskrifte is dikwels moeilik leesbaar. Stuur dit dan na feesmark@stellenberg.co.za.

Neem asseblief kennis dat daar geen aansoekvorms by die kerkkantoor beskikbaar is nie. Ons verwelkom nuwe uitstallers.

## MEDITATIEWE DIENS

Ons vra om verskoning vir die probleme wat teen die einde van Maartmaand met die opname van die meditatiewe diens voorgekom het. Ons vertrou dat die tegniese probleme nou uitgestryk is en kykers kan die diens weer op YouTube of via die gemeente se webwerf volg. Die meditatiewe diens is Sondae vanaf 12:00 aanlyn beskikbaar.

## GEMEENTENUUS OP JOU SELFOON

**Daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon**

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie, slegs die stemboodskappe.

**Ontvang die bulletin asook die skakel na die aanlyn oggend-diens op jou selfoon**

Ontvang die **bulletin** asook die skakel na die aanlyn erediens **elke Vrydag** op jou selfoon. Sodoende kan jy na die preek op jou selfoon kyk. Stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellen-berger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.